AFGRI Grain Management
A division of AFGRI Agri Services Proprietary Limited

12 Byls Bridge Boulevard
Highveld Ext 73 Centurion 0157
PO Box 11054 Centurion 0046
afgri@afgri.co.za www.afgri.co.za

T + 27 11 063 2347
F + 27 87 942 7381

AFGRI Grain Management Kennisgewing: **16 Februarie 2021**

AFGRI Grain Management-2021/2022 Graandienste tariewe en Bedryfsreëlings vir die volgende provinsies:

- Vrystaat
- Mpumalanga en Gauteng
- Limpopo
- Noordwes
- KwaZulu Natal

Geagte Belanghebbende

Vertrou dat dit goed gaan met u en dat u en u gesin gesond en veilig is.

Met hierdie skrywe gee AFGRI Grain Management amptelik kennis van:

1. Tariefstrukture:
   a) Graanhantering;
   b) Graanopberging;
   c) Hanterings- en opbergings verlies aftrekking
   d) Graandienste; en

2. Bedryfsreëlings:

   Vir Somergraan-2021/2022 bemarkingseisoen:

   - Sonneblom/Sojabone: 1 Maart 2021 tot 28 Februarie 2022
   - Mielies/Sorghum: 1 Mei 2021 tot 30 April 2022

Ons herinner u ook daaraan dat die “Standaard hantering en opbergingsvoorwaardes” van toepassing is op alle graan wat by AFGRI-graanfasiliteite ontvang en opgeberg word en vorm saam met hierdie skrywe die geheel ooreenkoms. Die voorwaardes vir die Verkoop-, Aankoop- en Opberging van graan is elektronies op die AFGRI-webblad, https://www.afgri.co.za/afgri-grain-management/#grainsilo ,beskikbaar en by u naaste Silobestuurder asook by AFGRI-hoofkantoor te Centurion (011-0632311 Marlene Momberg).

Die afgelope jaar was een van die uitdagendste in AFGRI se geskiedenis van 98 jaar, maar ons het ook gewys dat die Groep en ons werknemers aanpasbaar, moedig en veerkragtig is. Daarom glo ek dat ons toegerus is om die uitdagings wat hierdie nuwe jaar sal meebring, die hoof te bied.

Directors CT Vorster, MJ Prinsloo, R Maharaj, RN Sikwane, MM Manyama, J de Villiers, Z Jacobs, MP Motseo,
Company Secretary Statucor Corporate Services Proprietary Limited
AFGRI Agri Services Proprietary Limited **Reg No.** 1995/005872/07

AFGRI Grain Management wil u verseker van ons volgehoue goeie dienslewering en is ons enige tyd beskikbaar om na voorstelle te luister om diensvlakke te verbeter. Skakel gerus u naaste Silobestuurder.

Dit is vir ons belangrik dat u die beste diens by AFGRI-graanfasiliteite sal ervaar en word u ‘n voorspoedige oestyd toegewens.

Vriendelike groete.

Jerry Maritz
Besturende Direkteur: AFGRI Grain Management